13 April 2026

# Tygieland-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za

JOHANNES 16:13 Ek word deur die Heilige Gees gelei in alle waarheid.

| PROGRAM VIR DIE WEEK | |
|---|---|
| **Maandag – 13 April** | • Playball<br>• A+ Students<br>• Pottebakkery<br>• Young Engineers<br>• Gimnastiek<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Little Readers<br>• Bulletjierugby: Oefening (17:00 – 18:00) |
| **Dinsdag – 14 April** | • **Tygieland-netbal begin (07:45)**<br>• Tygieland-koor oefening<br>• EQ4KIDS (Emosionele intelligensie)<br>• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy)<br>• Super Somme (graad R)<br>• A+ Students<br>• Krieket-akademie<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Woensdag – 15 April** | • Experi buddies<br>• A+ Students<br>• Super somme (graad RR)<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Ballet<br>• Little Readers<br>• Bulletjierugby: Oefening (17:00 – 18:00) |
| **Donderdag – 16 April** | • Tygieland-netbal (07:45)<br>• Tygieland-koor oefening<br>• RSD (rugbyvaardighede)<br>• Hippity Hop<br>• Ballet<br>• A+ Students<br>• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy)<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Vrydag – 17 April** | 😍 **SNOEPIEDAG** 😍<br>• Gholf<br>• Voortrekkers |
| **Saterdag – 18 April** | • Bulletjierugby: L/s Danie Malan |

## KURRIKULUM

| **GRAAD RR** | | **GRAAD R** | |
|---|---|---|---|
| **TEMA:** | Kos en gesonde eetgewoontes | **TEMA:** | Kriewel en kruip |
| Liedjie: | Saai die waatlemoen | Liedjie: | Itsie bitsie Spider |
| Gediggie: | Groente en vrugte | Gediggie: | Maria Mier |

## INDIVIDUELE FOTO'S

Volg die skakel vir die instruksies om die fotobestellings hierdie jaar aanlyn te kan doen: Skakel

Die finale bestellings **sluit 8 Mei**.

## HERREGISTRASIE VIR 2027

Die **graad RR en R-leerders** wat reeds in die skool is, het hulle herregistrasievorms op **8 April** per hand ontvang. Werk asb. dié vorm deur en bring veranderinge aan. Stuur dié vorm dan voor of op **10 April** terug na die klasonderwyser om u kind se plek te verseker. **Maak asb. seker dat u op bladsy 1 tot 4 teken.**

## NEEM KENNIS

**Klassifisering van 28, 29 en 30 April as skoolvakansiedae**

Die skool se Bestuurspan en Beheerliggaam het hierdie besluit deeglik oorweeg en is van mening dat daar gegronde opvoedkundige en logistieke redes vir die aanpassing bestaan. Die plasing van hierdie dae binne die akademiese jaar, asook die programvereistes en logistieke vereistes van die vierde kwartaal, ondersteun hierdie besluit in die beste belang van beide leerders en personeel.

Verder vorm die skool deel van 'n informele netwerk van buurskole in die oostelike deel van Pretoria. Baie van ons leerders se broers en/of susters by omliggende skole sal gedurende hierdie tydperk met vakansie wees, wat waarskynlik leerderbywoning by ons skool sal beïnvloed en die akademiese program kan ontwrig.

Inhaaldae vir verlore skooldae

Alle onderrigtyd wat deur hierdie aanpassing geraak word, sal volledig ingehaal word op die volgende datums:

- 20 Julie (aanvang van kwartaal 3)
- 5 Oktober (aanvang van kwartaal 4)
- 10 Desember (einde van kwartaal 4)

Kennisgewing aan ouers: Kalender-aanpassings vir 2026

## TYGIELAND-NETBAL: GRAAD R

- Mandjie-netbal vind hierdie kwartaal plaas en begin op **Dinsdag, 14 April**.
- **Oefeninge** sal **weekliks** van **07:45 tot 08:45** op die skool se netbalbane aangebied word.
- Die Tygieland-netbalprogram word gratis aangebied deur juffrou Chrisna (organiseerder) en ander Tygieland-personeellede.
- **Alle Graad R-dogtertjies** neem deel en word versoek om tekkies, 'n hoed en 'n waterbottel saam te bring.
- Daar is ook wedstryde geskeduleer vir die dogters. Ouers sal betyds in kennis gestel word oor watter dogtertjies aan spesifieke wedstryde sal deelneem.
- Hou asseblief die volgende datums beskikbaar: 9 Mei, 16 Mei en 5 Junie. Verdere inligting sal deurgegee word, sodra dit vanaf die betrokke skole ontvang is.

## TYGIELAND-MARKDAG (FONDSINSAMELING)

**Vrydag 29 Mei hou Tygieland ons Markdag**! Hierdie is 'n baie groot gebeurtenis op die Tygieland-kalender! Ons glo julle gaan baie oulike idees uitdink om 'n wenplan te verseker. Daar sal later meer volledige inligting oor die verloop van die dag in die nuusbrief geplaas word.

Aangesien die markdag saam met die Tygieland-Comrades (colour run) gehou word, sal koeldranke, ysies en roomys beslis wenners wees. Kos en speletjies is altyd treffers. Produkte wat aanloklik uitgestal word, verkoop altyd goed. Kompetisies waar pryse gewen kan word, is gewoonlik ook gewild. Solank u goeie toesig by u stalletjie hou en dit geen gevaar inhou nie, kan enige produk verkoop word.

- Stalletjies word om die rugbyveld opgerig.
- U is verantwoordelik vir u eie tafeltjie, kleingeld en die bemanning van die stalletjie.

## TYGIELAND-MARKDAG (FONDSINSAMELING) vervolg

- Elke kleuter sal ‘n wit nommer ontvang.
- Hierdie nommer moet op u stalletjie aangebring word, aangesien u daarvolgens deur die beoordelaars geïdentifiseer word.
- Hierdie nommer moet asseblief saam met u wins na afloop van die markdag by die onderwyserstafel ingegee word.
- Die Tygieland-personeel sal deur die loop van die oggend op die rugbyveld by ‘n tafel sit om gelde te ontvang.
- Kleuters mag ook in spanne stalletjies beman.
- Daar sal ongelukkig **nie elektrisiteit op die rugbyveld beskikbaar wees nie**. Ouers is welkom om van gas gebruik te maak.
- Leerders kan na afloop van die Markdag saam met hul ouers huis toe gaan.

**LET WEL: Geen lewende hawe** mag verkoop of gebruik word nie.

- Ons sien uit om elke maatjie by die pretdag te sien! Kom sê asb. vir u kleuter se juffrou watter produk u by die Markdag gaan verkoop.
- Ouers moet hul klasjuffrou laat weet wie almal saamwerk (naam, van en klas).
  **Sluitingsdatum vir bevestiging: 11 Mei**

**Groot pryse wat gewen kan word:**

- Die stalletjie wat die meeste geld insamel wen ‘n wisseltrofee asook prysgeld van R500.
- Die kreatiefste stalletjie wen ook ‘n wisseltrofee en prysgeld van R300.